# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie

November 2009
Volume 4




**Die volgende *GrietGriet* verskyn in Maart 2010.**

*GrietGriet is also available in English – please e-mail us for an English copy.*



**Primaria 2010**
**Eliz-mari Prinsloo**



**Maxie na 15 jaar nog net dieselfde!**



**Susan Strauss (née Kruger) vandag. Sy is 'n oudioloog in Pretoria en hul het 3 dogtertjies.**

## MAGRIETJIE SE NUWE HK IN VOLLE SWANG

Magrietjie se nuwe Huiskomitee is in Augustus verkies nadat 75% van die huislede hulle demokratiese stem uitgebring het. Die nuutverkose HK het dadelik weggespring deur twee HK-opleidingskampe by te woon. Die kampe het die ideale geleenheid gebied vir die dames om mekaar, asook HK-lede van ander koshuise, te leer ken. Die eerste kamp was 'n eksterne kamp wat deur die Universiteit gereël is. Met 'n tema van "creating inspirational spaces" is die leierskap van al die koshuise se HKs uitgebou.

Die tweede opleidingskamp was Magrietjie se eie interne HK kamp waar die nuutverkose HK-lede en huisouers die volgende jaar in detail beplan het. Die kamp het ook gesorg vir hope pret met aktiwiteite soos kleiduif skiet, bokdrol spoeg asook opvoerings waarmee elke ete deur die kosspanne voorgesit is. Die foto (regs) was deel van die "Out of Africa" aktiwiteit voor daar op 'n wildsrit gegaan is. Die kamp was 'n reuse sukses en het geëindig op 'n hoogtepunt toe Prof Gustav Puth elke HK-lid se breinprofiel ontleed het wat die span in staat gestel het om hulself en mekaar beter te leer ken en verstaan.



## MAXIE PRONK NOG IN HAAR VOLLE GLORIE

*Susan Strauss (née Kruger) vertel:* "In 1994 het ons groep vriende uit Magrietjie in die kommune langsaan ingetrek. In die gange van Magrietjie het die "kommune" bekend geraak as "Klein Griet". Die klomp van ons was betrokke Magrietjies; ek was die vorige jaar se lenkvoog, en al die nuwe inwoners het ten spyte daarvan dat meeste mediese studente was, saam geserrie en saam gejool! Dit was wonderlik om "onafhanklik" maar nog steeds deel van Magrietjie te wees.

In 1995, terwyl ons daar gebly het, het Klein Griet te "groot" geword vir haar naam. Ons het baie ure op die stoep deurgebring en saamgekuier oor 'n nuwe naam vir die huis. En daar is die naam gebore. Ons het eers "Magsie" oorweeg maar daar is later op Maxie besluit. Dit was meer onafhanklik as "Klein Griet", maar nog steeds darem verwant aan Magrietjie. MAXIE, haar eie naam!!

Ons, dit is nou ek saam met René Henning (née Dentan), Kirné van Driel (née Labuschagne), Yolanda Kotzé (née Kruger), Mia Hough (née Burger) en Rachel Labuschagne, het besluit om Maxie te laat "doop" en haar naam op die muur aan te bring. Ons wou 'n prentjie van 'n dogtertjie hê wat Magrietjie blommetjies vashou. René, die projekbestuurder, het 'n vriend van Mopanie ingespan om "Maxie" te ontwerp en te kom verf. Johan Loock was 'n lugvaart-ingenieurstudent van Mopanie. René het gaan toestemming vra by die huisouers (Dok en Mev Terblanche) en hulle het ons vrye teuels gegee. En so is Maxie geverf… ons het tee en koekies aangedra en hier en daar help inkleur.



**Die "Maxie-span" in 1995**

Maxie se stoep het baie van ons gesprekke beleef en gedeel in lief en leed. As ons terugdink aan Magrietjie en Maxie en die wonderlike tye en pret wat ons beleef het, klop ons harte warm en beny ons almal wie se toekoms nog oop voor hulle lê!"

## DEUR NA SERENADE FINAAL

Magrietjie het dit weereens gedoen, serenade finaal kan die singende pienk sensasie net nie weghou nie! Met die tema 'Mags School of Arts' het die 18 dames uniek gelyk in hul diverse uitrustings. Van ballerinas tot hippies en skilders het die groep ons asems weggeslaan. Magrietjie behaal 'n algemene derde plek en wen ook die kategorie van 'Eie komposisie' vir die tweede opeenvolgende jaar. Nie alleen kan hierdie dames sing nie, hulle kan ook musiek komponeer!



**3de plek: Serenade algeheel**
**1ste plek: Eie komposisie**

## DIE GROOT-JA STEEDS 'N GROOT JA-JA

Magrietjie en Klaradyn (die wen Joolpaar van 2006), JOOL weer saam vir 2010 (hoofsaaklik aangesien daar meer dames- as manskoshuise is). Vir 2010 is ons amptelike Joolnaam MAGniKLA (afgelei uit ons koshuisname, maar ook omdat ons nie "mag kla" oor ons weer saam met 'n dameskoshuis moet jool nie). Een van die unieke tradisies van Huis Pienk is natuurlik Magrietjie se Groot JA. Wie sal dan nee sê as jou JOOL-koshuis die verbindtenis bevestig deur 'n enorme JA in pienk ligte op die koshuis te spel? Boonop met dansende eerstejaars in die vensters kan Magrietjie nie anders om Klaradyn en natuurlik die spesiale gaste van die manskoshuise se harte te wen nie. Groot JA was weereens 'n reuse sukses! Sal Magrietjie volgende jaar dit weer doen? Maar natuurlik! Groot JA vir altyd! JA JA JA JA JA!



**Die letters JA uitgespel met ligte oor die 11 vloere**

## MAGRIETJIE BY AARDKLOP

Tipies in Magrietjie styl het 29 dames van Huis Pienk 'n draai gaan maak in die rustige studentedorp, Potchefstroom. Daar het die Magrietjies in Pienk Styl Aardklop oorgeneem en darem ook tussen al die sosialisering tyd gemaak vir 'n produksie. Die groep het 'Dis ek, Anna' ondersteun en so ook 'n kulturele ervaring gedeel.




## MODEBEWUS BY FASHION TV

Op 14 Oktober het Magrietjie 'n unieke 'social' by die Fashion TV Lounge in Brooklyn gehou. Die tema was *'Top Hat, Top Mask, Top Night'* en 'n verskeidenheid van maskers, hoede en blink uitrustings was te siene. As een van sewe dameskoshuise wat genooi is om deel te neem aan die kompetisie – met die prys van 'n joolborgskap as aansporing – het Magrietjie haar naam hoog gehou. Met 'n bemarkingsveldtog wat ondermeer T-hemde, kampusmedia en 'n profielblad op Facebook ingesluit het, het Magrietjie weereens die studentewêreld op hol gehad. Die uitslag is op 28 Oktober bekendgemaak en Magrietjie het 'n algehele tweede plek behaal, met Klaradyn – ons JOOLkoshuis – wat die eerste plek opgeraap het.



**Andritt en Karlien in hulle "top masks" by Fashion TV**

## UIT DIE SKATKIS

Annette Stals, Magrietjie se heel eerste Sosiaal Intern HK, het haar herinneringe van die opening van Magrietjie in 1982 per e-pos met ons gedeel:

In 1982 het Magrietjie vir die eerste keer haar deure geopen. Die opening het proporsies aangeneem wat gepas is vir 'n koshuis van Magrietjie se status. Met 'n rooi tapyt, trompetgeskal en die vrylaat van wit duiwe vanaf die eerste verdieping, het die reëlings Annette 'n hereksamen in Wiskunde gekos. In die jaar 1983 word Annette die tweede Primaria van Huis Magrietjie met Lucretia Schabort as Ienkvoog en Dr. en Mev. Breedt as huisouers.



**Huisouers 1982-1985**
**Dr en Mev Breedt**

Annette het ook gevra of Magrietjie nog steeds die Spikkels met swart sakke oor hul pienk-en-grys klere Magnolia-dal toe neem?

*Red: Vandag se Magrietjies is nie bewus van hierdie tradisie nie (en ons sal sekerlik in die moeilikheid kom as ons dit sou doen!). Miskien kan oud-Magrietjies ons laat weet wanneer laas hulle dit nog gedoen het? Dankie ook Annette vir jou kosbare insette!*

## Het jy geweet?

**Prof Cheryl de la Rey is die Universiteit se nuwe rektor. Sy is vanaf 7 November in haar nuwe stoel. In Magrietjie styl het ons haar verwelkom met pienk blomme en 'n hand-gemaakte kaartjie op haar eerste dag op kantoor.**



Prof Cheryl de la Rey

**Adopt-a-HK skop af!**

In ons vorige nuusbrief het ons 'n versoek gerig vir "Adopt-a-HK" waar ons alumni gevra het of hulle bereid sal wees om 'n HK-baadjie (R500) te borg. Hierdie baadjie bly die eiendom van Magrietjie sodat dit weer volgende jaar vir 'n volgende HK-lid gebruik kan word. Danksy Joalet Steenkamp (née Gouws), oud-Magrietjie '92-'95 kon ons vir Phumla Nkosi 'n HK-baadjie ter waarde van R500 koop. Phumla Nkosi is ons Tesourier en Joolondersteunings HK-lid. Sy is 'n Vrystater (Bethal) wat BIS Inligtingwetenskap studeer. Met 'n enkelma is hierdie baadjie-skenking 'n ware hulp in moeilike tye!



*Red: Joalet, hoe begin 'n mens om dankie te sê dat jy jou hart oopgemaak het?*
*Baie, baie dankie!!*

## In die volgende *GrietGriet*

- **Ons nuwe Spikkels!**
- **Meer van ons 1ste Ienkvoog**

**Redaktrise:**
**Liza-Mari Coetzee**

## GEBOU OP STERK FONDASIES…

Het jy al ooit onveilig gevoel in die gange van die beste koshuis op kampus? Nooit! Die rede daarvoor is omdat Magrietjie gebou is op SOLIEDE fondasies. En daarmee bedoel ons nie ons wonderlike pienk geskiedenis nie… Toe Magrietjie reeds drie verdiepings hoog gebou was, het die boubestuurder die projek stopgesit en vereis dat die koshuis platgeslaan word. Na bewering was daar iets fout met die betonmengsel waarmee die koshuis gebou is en die vloere wat nou die ingangsportaal, huisouers se woonstel en die eerste vloer kamers opmaak is gesloop. Ten spyte van die terugslag is Magrietjie op tyd geopen. Die eerste groep dames het bestaan uit 217 Spikkels, 100 Seniors en 'n oud-Madelief primaria (Zelda Stone). Magrietjie was duidelik nie net die nuwe koshuis op kampus nie, maar ook 'n koshuis gebou op sterk fondasies.



## SCRAPBOOK KRY 'N NUWE BAADJIE

Magrietjie het weereens bewys dat ons blink idees kan uitvoer en wonderlike resultate kry. Die argief-opening en bekendstelling van die 'scrapbook' het op 8 September plaasgevind en in eie-Magrietjie styl het ons daarin geslaag om dit weereens iets nuuts en anders te maak. Dit is dan ook geen verassing dat Magrietjie op die Universiteit se jaarlikse prestige aand met die prys vir die beste 'Scrapbook' weggeloop het nie. In plaas van die tradisionele boek het die Ienkvoog en Argief HK van 2009, Ferri Erasmus, ons herinneringe vasgevang in die formaat van 2m hoë uitstalborde. Die argief is geopen in ou-wêreldse styl met skemerkelk-rokkies, hoede en handskoene terwyl 'n grammofoon in die agtergrond gespeel het.






## MAGRIETJIE PRESTEER

Buiten al die prestasies wat ons deur die loop van die jaar met julle gedeel het, het Magrietjie nog verdere prestasies ingepalm gedurende die Universiteit se 2009 prestige toekennings:

- Beste Kultuurkoshuis van die Jaar vir 2009 (2de jaar in 'n ry met 87,6%)
- Beste koshuis in Kultuur Intern (98%)
- Beste Kultuuraand van die jaar ('murder mystery' aand saam met Mopanie)
- Beste 'Scrapbook' van alle koshuise (mans en dames)
- Beste Sport HK-lid van alle koshuise (Eliz-mari Prinsloo - nou ons Primaria)
- Tweede in Kultuur Ekstern (77%)
- Tweede beste Tesourier HK-lid van alle koshuise (Zinzile Mngadi)
- 'n Gemiddeld van 75% vir Akademiese prestasie (3,8% laer as die wenner)
- Derde beste Sportkoshuis (89% - 0,4% laer as die wenner)
- Algehele derde plek as koshuis (83,75% - 2,75% laer as die wenner)

## KUIER VIR OUD-MAGRIETJIES VAN 1982-1988

Ons wil graag oud-Magrietjies die geleentheid gee om mekaar weer te sien sonder om dit 'n groot en duur gedoente te maak. Sommer net lekker opvang na baie jare buite Magrietjie. Hierdie idee het gekom van Inge Cilliers (née Brugman) wat gevra het om met Magrietjies tussen 1985-1988 in verbinding te tree. Ons wil graag die behoefte toets vir 'n geselligheid by Magrietjie op 'n Saterdagoggend. Ons nooi die Magrietjies wat tussen die jare 1982-1988 in Magrietjie was om 'n e-pos (magrietjie@up.ac.za) te stuur ten einde julle belangstelling vir so 'n inisiatief aan te dui. Dui ook aan of jy 'n oggendtee of 'n ontbyt in die eetsaal sal verkies. Ons hoor graag van julle!

**Tot weersiens in *GrietGriet* Maart 2010…**